## 20 April - GEHOORSAAM

**Skrifgedeelte: Daniël 3:1-18**
**Fokusgedeelte: Daniël 3:16-18**

Dis maklik om die Here te gehoorsaam as mense jou daarvoor prys. Dit word egter moeiliker as gehoorsaamheid aan die Here nie meer die algemene lewenstyl is nie. En dis ontsettend moeilik as sulke gehoorsaamheid 'n kriminele oortreding word en tot boetes of tronkstraf of selfs erger kan lei!

Tog bring die Here sy kinders soms in sulke situasies, waar gehoorsaamheid hulle iets kos. So toets Hy of hulle geloof eg is en of dit sommer net skyngeloof is wat geen druk kan deurstaan nie.

Daniël se drie vriende weier om die gebooie van die Here te oortree, al word hulle gedreig met 'n onmiddellike en grusame dood. Hulle kon maklik allerhande uitweë gesoek het, maar hulle doen dit nie. Hulle gehoorsaam die Here onvoorwaardelik. Die geheim van hulle gehoorsaamheid is hulle geloofsoorgawe aan die Here, wat selfs deur Nebukadnesar raakgesien is (vs 28).

As die Heilige Gees jou regtig op Hom, wat vir jou deur die ewige vuur van God se oordeel gegaan het, laat vertrou, staan selfs die warmste vuur van mense nie in die pad van jou gehoorsaamheid aan Hom nie.

Wat maak dit saak of die vure wat mense maak, jou verteer en jy dadelik in die ewige vreugde van jou Here ingaan, en of Hy jou nou eers daaruit red en vir nog 'n tydjie hier op aarde gebruik? Hy vir Wie enigiets moontlik is, weet watter opsie in elke besondere geval die beste is.

Nie moeite of vernedering of verlies van goed of van mense se vriendskap, of selfs tronkstraf of dood, behoort ons daarvan te weerhou om die Here se pad te loop nie.

Wanneer ons ons gelowig op Hom verlaat, sal ons Hom onvoorwaardelik kan gehoorsaam.

*Sing: Psalm 46:1 (1936-beryming)*

*Ds SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)*